LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

11 Junie 2017

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Ds Leopold van Huyssteen

PINKSTERFEES EN DIE WEEK DAARNA

Fokusteks uit Leesrooster: Psalm 8

RCL tekste: Gen 1:1-2:4; 2 Kor 13:11-13; Matt 28:16-20

Deurkollekte: Uitreikfonds

BELOFTELAND: 09:00 (3jr - Gr R)

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15

Sanel & Hennie: Gr 1 tot 4 in saal
Karin: Gr 5 in Klaskamer op verhoog
Jackie & Lizeri: Gr 6 in die "Gat"
Liesbet: Gr 7 in die "Gat:

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 0827068642

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12 in Kerk @ 17:30

Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Leopold vir boodskap

- Bid vir waterkrisis & brande, vir SA en volkome toewyding aan ons Here. Dankie Heer vir reën wat reeds geval het!
- Kankerbehandeling: Paul Louw; Owen Wallis; Amanda Vosloo; Sannie le Roux; Annette Laten
- Ons innige meegevoel met Spyker, Emma en Jandre met die heengaan van Retha
- Ons innige meegevoel met Tollie de Villiers met die heengaan van haar man, Hekkie
- Carel Smit terug in Spescare
- Monica Lambrechts terug in HJS (kanker)
- Anna vd Westhuizen terug in HJS (been geamputeer)
- Arno Geldenhuys vir gesondheid
- Christine Steenberg herstel na hospitalisasie
- Breggie Singleton vir gesondheid
- Jolize Voges (Ma. 12/6 - knievervanging)

FOKUSTEKS: Psalm 8

Ons begin nou na Pinksterfees die seisoen van Koninkrykstyd in die kerk, wat strek tot voor Adventstyd.
In hierdie seisoen word God se koninklike heerskappy en handelinge in elke faset van ons lewe en in die wêreld op baie maniere en met verskeie geleenthede gevier.

Psalm 8 besing die grootheid van die Here en eer God vir wat Hy gedoen het en vir Wie Hy is. God dink aan die mens en Hy versorg die mens.
Dit gee die mens 'n groot stuk vryheid – God het dit vir hom gegee.
Maar onthou: "Vryheid bring verantwoordelikheid." Ons as mens kan nie maak en breek en gebruik van die aarde soos wat ons wil nie, nee, soos konings, wat verantwoordelikheid het, wat namens God optree as Sy verteenwoordigers, moet ons met die diere en see en die lug en die grond waarop ons bly, omgaan. Die manier van "heers" is nie afbreek en uitroei nie, maar eerder om daarvoor te sorg, wat Sy kinders insluit.

GEBEDSTEMA: JUNIE 2017: JEUG

11 – 17 Junie

Ons bid vir die jeug Ef 3:16 dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan hulle die krag sal gee om innerlik sterk te word,
:17 dat Christus deur die geloof in hulle harte sal woon en dat hulle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou
Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3
@ Konsistorie of Raadsaal.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4
@ Konsistorie of Raadsaal.

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021-853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 0825522423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Kom drink na die diens
'n heerlike koppie tee/koffie in die voorportaal saam met ons.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 0829492045

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:
Ons wil baie graag ook weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid.
Hou ons asb op hoogte. Skakel kerkkantoor @ 021 853 5991

LET WEL

Indien jy graag die opsommings van Ds Botes wil hê van ons Pinkster-reeks oor "My houding in my verhouding" kan dit ook op ons webwerf gevind word.

Sommer op die voorblad.

HOE VIND JY DIE NUUSKRUMMEL, KOERANTJIE EN SONDAGNUUS OP ONS WEBWERF?
Gaan na www.lourensrivier.co.za en op die voorblad aan die regterkant sal jy dit vind onder "Nuusblaaie"
OF kliek op "Inligting" op die voorblad bo aan die webwerf.

Jy kan nou die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes gebruik.

Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store"
Jy sal van elke transaksie 'n epos van Zapper ontvang.

Vir meer inligting of navrae, kontak
Charlene @ 021 853 5991

BOBOTIE & GEELRYS KUIER:

KOM KOOP JOU KAARTJIES NOU!

Heerlike **AANSIT-ETE** op 23 Junie 2017

Ons wil dit ’n gesellige saamkuier maak met vriende, familie en kleingroepe. Kom geniet smullekker Bobotie en Geelrys + groente + smaaklike poeding vir **slegs R50-00.**

Pak asb ’n mandjie met eie bord, poedingbakkie, eetgerei, glas en drinkgoed. Om die aand verder op te vrolik, gaan daar wonderlike verassings, gelukkige trekkings, en ‘n Countrysanger met sy kleindogter wees wat ons behoorlik gaan vermaak♫♫

Kontak asseblief die kerkkantoor (021 853 5991) vir kaartjies.

Indien jy nie die kaartjies kan kom afhaal nie, tref ons alternatiewe reëlings. **Onthou, daar is net ‘n beperkte hoeveelheid kaartjies beskikbaar.**

KAARTJIES sal beskikbaar wees tot 15 JUNIE @ 12h00

Help ons asseblief om ’n sukses van die aand te maak!!!

Liewe lidmaat, as gevolg van ‘n geweldige tekort aan dienswerkers & wyksverteenwoordigers asook die veiligheidsaspek daarvan, sal die Riviertjies in die toekoms nie meer by die huise afgelewer kan word nie maar wel by die deure in die kerk beskikbaar wees asook by die kerkkantoor.

Die koerantjie is altyd beskikbaar op ons webwerf, www.lourensrivier.co.za en kan ook per epos aan jou gestuur word.

Ons wil graag so akkomoderend as moontlik wees, dus is jy welkom om die kerkkantoor te skakel by 021 853 5991 om alternatiewe reëlings te tref as jy dit nie by die kerk kan kry of elektronies kan bekom nie.

Junie 2017 se Riviertjie is nou beskikbaar op ons webwerf: www. Lourensrivier.co.za

Dankie dat jy verstaan
Kerkbestuur